NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/

06 Mei 2022: Nr 14/2022

Warmnuus

Sinodehuisnuus

Johan Kruger het aan die einde van April uit die diens van die Noordelike Sinode getree. As saakgelastigde het hy 'n besondere rol in die werksaamhede en die strategiese rigting van die sinode gespeel. Na veertig jaar in diens van die kerk, gun ons vir Johan 'n geseënde rustyd. Vanaf 1 Mei 2022 neem *Rehan Rheeder* amptelik die pos van *saakgelastigde* oor. Hy kan gekontak word by 083 288 7756 / rehan@noordsin.co.za.

Innige simpatie: Skakel na gedenkdiens

Braam le Roux [Pretoria] is na 'n lang pad van kanker op *28 April* oorlede. Sy gedenkdiens vind op Vrydag *6 Mei* om 11:00 vanuit Capital Park-Concordia plaas. Die gedenkdiens kan ook aanlyn gevolg word: Kliek op dié skakel - https://vimeo.com/event/2089508/c13af5c259.

CMR Noord

Kliek hier vir 'n belangrike skrywe rakende hulle dienslewering en betrokkenheid in gemeentes.

Sinodenuus

Hulp aan KwaZulu-Natal

Finansiële bydraes kan in die rekening van die Natalse Sinode inbetaal word:

NG Kerk van Natal
ABSA Tjekrekening,
Rekeningnommer: 1140000082.
***Verwysing:** KZN vloede & naam van persoon of gemeente.*

Vir ***water en ander bydraes*** kan die Gemeente Villieria gekontak word: *Jeandré Slabbert* (082 370 7518) - **Foto**: Trok word gelaai met voorraad vir KwaZulu-Natal…

Begrafnisskema vir Predikante

Dit is belangrik dat alle predikante die onderstaande twee omsendskrywes deeglik sal lees en ook die vorm voltooi.

Vorm: **Kliek hier.**
Kliek hier vir **Omsendskrywe 3 van 2022.**
Kliek hier vir **Omsendskrywe 2 van 2022**.

Tekslees met 'n verskil

Datum: *10 Mei*
Kontak vir Kobus Myburgh (083 227 7185) of vir
Fanie Cronjé (083 415 1452).
Zoom Meeting: **Kliek hier**; **Meeting ID**: 921 9767 1478; **Password**:453371.

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Hospitaal

Nelius Steyn [Wonderboom] is geopereer.

❖ Bevestiging

Cecil van der Merwe (prop) het die beroep na Kerk-in-Suid aanvaar.
Sy ordening en intreepreek vind op *8 Mei* om 08:00 plaas.

❖ Verjaarsdagwense

Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar het en wat nog gaan verjaar:

13/05 Petrus Moolman [Overkruin]
16/05 Mattie Beukes [Chipinge/Mutare]
17/05 Danie J van Rensburg [Bergtuin-Jan Niemandpark]
Nadine Swanepoel [Waverley]
20/05 Willem Boshoff [Queenswood]
Etienne van Staden [Soutpansberg]
Fanie Senekal [Emeritus]
21/05 Chris Odendaal [Emeritus]
22/05 Stefan Botha [Andrew Murray]

_____

17/05 Ansa Ungerer [Eggenote van Dewyk Ungerer, Raslouw]
18/05 Renate Nel [Eggenote van Attie Nel, Waverley]
19/05 Rita Albrecht [Eggenote van Karel Albrecht, Queenswood]
Joke Nicol [Eggenote van Willem Nicol, Emeritus]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae: Baie geluk

Soekmekaar [12/05/1917]
Kadoma [15/05/1943]
Monumentpark-Wes [18/05/1983]

❖ Sanddrift: Vleis en Veteraanmotors Fees

Datum: *07 Mei*
Hope kindervermaak, pret, kos in oorvloed. Groente en vleis teen baie bilike pryse. Die Flooze tree op en Adam Tas is ook gaskunstenaar. Terselfdertyd word hier 'n Kickboxing kampioenskap aangebied met mense uit Mauritius en die moontlikheid van 2 wêreld titel gevegte. uitstalling van veteraan motors en n uitstekende veiling.
Navrae: Heleen Byleveldt (082 348 3585).

❖ Universiteitsoord:

13 Mei (19:00) **A Night at the movies** - Kaartjies R100 by die deur.
*15 Mei (*11:00) **Andrea Kayser-Mitas (orrel) en Musiekvriende** - Toegang is 'n donasie.
22 Mei (11:00) **Marnus Greyling (orrel) - Claire de Lune** - Toegang is 'n donasie.

❖ Sesmylspruit: Basaar

Jy mag dalk die pandemie oorleef het, maar kom beproef ons basaar en ontdek die ware betekenis van LEKKERRR!!!
Wanneer en waar: Saterdag *28 Mei* 2022 om 08:30, by Von Willichlaan 208 Clubview

Toerusting

❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling.

Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za

- **Kliek hier** vir die **2022 Program**
- Besoek **Excelsus se webwerf: http://www.excelsus.org.za/**

Sertifikaatkursus in Bedieningsvernuwing - Tweede Module: "Hoe lees ons die Bybel?" - Die

sertifikaatkursus wat sedert 2014 aangebied word, het 'n nuwe baadjie: Meeste van die modules word nuut verpak en 'n nuwe module (*Oor die lees van die Bybel*) word ingevoeg. [**Kliek hier** vir volledige oorsig]
Datum: *9-11 Mei*

Brugbediening: *Kursus aangebied deur die Sentrum vir Geloof en Gemeenskap by UP*
Datum: Week 1: *25-28 Julie;* Week 2: *07-10 November 2022*
[**Kliek hier** vir volledige inligting]

Gevorderde Kursus in Jeugbediening: *Kursus aangebied deur die Sentrum vir Geloof en Gemeenskap by UP*
Datums: *23-26 Mei; 18 - 21 Julie; 06 - 08 September; 14 – 17 November 2022*; *15 – 19 Januarie 2023*; *Verhandeling Maart 2023*
[**Kliek hier** vir volledige inligting]

❖ Communitas: Lessons from the Pandemic - **Besprekings beskikbaar**

Die opnames van die aanbieding "Lessons from the Pandemic" aangebied in Maart 2022 is nou beskikbaar. **Kliek op die skakels**: https://youtu.be/wCse8lvdV-w & https://youtu.be/XjuGwyYHJFI

- Stel vir Bridget Leibbrandt [Koördineerder: VBO] asseblief in kennis indien jy dit gekyk het, dan sal 5 VBO punte aan jou toegeken word (bleibbrandt@kaapkerk.co.za)

Ander nuus

❖ Vakatures

Waterkloof: Vakatures

Administratiewe Beampte vanaf 1 Julie - "Ons wil 'n gemeente wees waar almal hartlik welkom en tuis voel. Ons beskou daarom die kerkkantoor as veel meer as net die ruimte waar administratiewe en tegniese vaardighede uitgeoefen word. Dit is ons wens dat die kantoor ervaar sal word as ruimte van liefde, dienslewering, luister, hulp en meelewing. Daarom is ons op soek na 'n administratiewe beampte wat werklik hou van mense, en behulpsaam is. Hierdie persoon moet verkieslik ook deel wees/word van ons geloofsfamilie, en so 'n pad met ons lidmate stap…" **Kliek hier** en lees verder – sluitingsdatum: *13 Mei*

Kantoorbestuurder vanaf 1 Julie – "Ons wil 'n gemeente wees wat geken word aan gasvryheid. Effektiewe koördinering van die gemeente se funksionering en bediening is daarom van kardinale belang. Ons is op soek na 'n dinamiese kantoor bestuurder met goeie organisatoriese en kommunikatiewe vaardighede. Hierdie persoon moet verkieslik ook deel wees/word van ons geloofsfamilie…" **Kliek hier** en lees verder – sluitingsdatum: *13 Mei*

Kerkbode Vakatures: **Kliek hier** vir die vakatures wat in die elektroniese Kerkbode geadverteer word.

❖ Christelike Lektuurfonds [CLF]

Hiermee die Afrikaanse en Engelse reekse **Pinksterreeks 2022 / Pentecost 2022**. Die Pinksterreeks vir 2022 is geskryf deur Dr Llewellyn MacMaster. Hy is tans leraar van die VGKSA gemeente SA Gestig in Belhar. Hy is ook moderator van die VGKSA Sinode vanKaapland (Wes- en Oos-Kaap). Dit is vanaf CLF se hulpbronsentrum aflaaibaar - https://clf.co.za/resource-toolkit/ - **Kliek hier** vir die inligtingsdokument.

Naskrif

My mom taught us never to look away
from people's pain.

The lesson was simple:
Don't look away. Don't look down.
Don't pretend not to see hurt.
Look people in the eye.
Even when their pain is
overwhelming.

An when you are in pain, find the
People who can look you in the eye.

We need to know we are not alone,
Especially when we are hurting.

This lesson is one of the greatest
Gifts of my life.

Brene Brown